

Sondag 12 November

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 7:12-17

Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 7:12-17

Die gebroke bruid getuig van die volmaakte Bruidegom

Paulus maak dit baie duidelik dat hy nooit getrou het nie en dat hy ongetroud voortleef tot eer van God. Dit beteken egter nie dat dit 'n fout is of sonde is om te trou nie. Inteendeel, die huwelik is deur God ingestel en dien as 'n beeld van die verhouding tussen Christus en sy kerk.

Omdat huwelike op aarde saamgebind word tussen twee sondige mense, is dit net 'n kwessie van tyd voor die sonde sigbaar word binne hierdie huwelike. Dit beteken egter nie dat dit geldige gronde is vir egskeiding nie. Dit wat God saamgevoeg het, mag geen mens skei nie.

In hierdie gedeelte sien ons die belofte van herstel en hoop. Selfs wanneer 'n egskeiding plaasgevind het, moet die persone weer trou wanneer daar versoening is. Net so kan 'n ongelowige en gelowige wat trou, bymekaar bly en hoef hulle nie van mekaar te skei nie.

Wanneer 'n gelowige en ongelowige getroud is, is daar verskeie uitdagings wat daarmee gepaardgaan, byvoorbeeld wanneer daar kinders in die huwelik is. Tog is daar deur die genade van die Here niks onmoontlik nie. Hierdie huwelike is 'n kosbare geleentheid om teenoor jou huweliksmaat te getuig. Ongeag of jou huweliksmaat gelowig of ongelowig is, word jy steeds geroep om as 'n goddelike man of vrou op te tree.

Hierdie hoop van herstel word sigbaar in Christus se verhouding en optrede teenoor die kerk. Ten spyte van die kerk se kleingeloof en ontrouheid, skei Christus nie van sy kerk nie, maar gaan so ver as om sy lewe vir sy bruid af te lê. Daarom gee ons nie net op wanneer ons huwelike deur storms gaan nie, maar ons hou vas aan die hoop dat die Bruidegom sal terugkeer vir sy bruid.

Sing: Skrifberyming 7-2:1

Ds. PF Venter (Peter) (Hoëveld)